EL SHADDAI

CHRISTIAN SCHOOL · CHRISTENSKOOL

GROW · EQUIP · SEND

SLEUTELREDES

OM ONS

PREPRIMÊRE SKOOL

TE KIES

GESTIG 1993 • NUWE KAMPUS GEOPEN IN MAART 2017

POSBUS 1980 LORDS WALK, VANUIT LANGEBERGWEG
DURBANVILLE 7550
T: 021 975 1980 F: 021 975 1985
www.escs.org.za info@escs.org.za/ admissions@escs.org.za

STERK FOKUS OP DISSIPELSKAP

El Shaddai Christenskool het ‘n duidelik omlynde Dissipelskap program vanaf Graad 00 tot Graad 12. Kyk ons webblad (www.escs.org.za) vir volle besonderhede. Saam met hoogstaande akademiese onderrig, is dit die presiese rede vir ons bestaan en vorm dit die kern van hierdie onderneming. Die dissipelskap program is veel meer as om net ‘n Christelike etos in die skool te handhaaf – dit is die doelbewuste pogings om karaktereienskappe van Christus in ‘n kind te vestig. Die skool roem daarop dat ons die “familie-gevoel” behou. Geen kind is net ‘n nommer nie, maar ‘n unieke kunswerk van God en daarom word elke kind deur die personeel bemin en versorg. Die doel van die skool is om gestalte te gee aan selfversekerde kinders wat hul identiteit in Christus ken. Die Preprimêre skooljare is deurslaggewend in die karaktervorming van kinders. Dit bied veel meer uitdagings om slegte gewoontes later in ‘n kind se skoolloopbaan te verander. Deur middel van Akademie, Dissipelskap, Sport, Kultuur en Skoollewe-aktiwiteite, staan ons in ‘n vennootskap met ouers om ‘n fondasie te lê vir ‘n Christelike Bybelse wêreldbeskouing wat die kinders se sosiale, fisiese, intellektuele en kreatiewe ontwikkeling beïnvloed.

GEHALTE-ONDERRIG

El Shaddai Christenskool het ‘n bewese rekord van ons ander kernwaarde, naamlik uitnemende akademiese standaarde. Die akademiese onderrigprogram is só gestruktureer dat elke jaar voortbou op die vorige een. Dit is daarom voordelig dat leerders van so jonk as moontlik aan hierdie program blootgestel word. Leerders wat reeds vanaf die Preprimêre fase deel is van ons skool, is oor die algemeen beter toegerus om gemaklik deur al die grade te vorder aangesien hulle ‘n stewige fondasie het.

Die Preprimêre skool is net die begin van 'n opvoedkundige ondervinding wat kulmineer in die Cambridge Universiteit se reeks eksterne kwalifikasies [IGCSE- en AS- / A-vlak eksamens]. Cambridge assesserings word internasionaal erken en is as 't ware 'n "goue kaart" akademiese kwalifikasie.

Die Preprimêre skool is 'n outomatiese voederskool vir ons Laer- en Hoërskool. Die Preprimêre personeel is almal goed gekwalifiseerde onderwysers met baie ondervinding, 'n liefde vir God en 'n passievolle begeerte om Bybelse waarhede in elke kind in te bou.

FASILITEITE

DIE FISIESE FASILITEITE IS VAN DIE BESTE!

- **Doelgerig-ontwerpte klaskamers, elk in totaal ongeveer 90-95 vierkante meter – verseker dat 20 leerders per klas met gemak geakkommodeer kan word**
- **'n Aangewese siekeboeg**
- **Elke klaskamer is toegerus met Wi-Fi, veselverbindings en 'n grootskerm-TV**
- **'n Gerieflike aflaai-sone / parkeeropsie**

Dit is nog nie al nie! Binne die volgende paar jaar beplan ons die toevoeging van nog twee klaskamers sowel as 'n Preprimêre skoolsaal met musiekkamers, terapiekamers, 'n kunsvlytkamer asook bak-en-brou-geriewe.

DIE VEILIGHEID VAN ELKE KIND IS ONS EERSTE PRIORITEIT!

- **Beheerde toegang met ‘n onderwyser wat vanaf 7:00 tot die einde van die skooldag aan diens is**
- **Ten volle omheinde terrein**
- **Waaksame personeel**

Nasorg is teen ‘n minimale koste beskikbaar vanaf 13:00 – 14:25. Vanaf Januarie 2018 sal “laat nasorg”, vanaf 14:30 – 18:00, teen ‘n fooi beskikbaar wees.

EKSTRA-KURRIKULÊR EN SKOOLLEWE

Daar is elke kwartaal opvoedkundige uitstappies soos ‘n besoek aan Plaaswerf, Bird Man ensovoorts. Ons bied ‘n naskoolse program aan waar leerders blootgestel word aan die sportvaardighede wat vereis word in sportsoorte soos krieket, netbal, hokkie, sokker en dies meer. Leerders kry een keer ‘n week in skooltyd onderrig in Klasmusiek. Daar is ook vrywillige geleentheid om deel te neem aan Eazy Stitch handvlyt, Clayplay en Playball. Nog spesiale geleenthede wat deurlopend plaasvind, is die Waterwoema-dag, Groot Stap, Groot Wiele Dag, Boekedag, Grootouers Dag en die jaarlikse Lofprysingaand.